

**Ek vertrou op God en is vir geen mens bang nie**

Dawid was in diepe nood en tot die dood toe benoud oor Saul wat hom wou doodmaak. Nou word hy weer bedreig deur die Filistyne wat hom gevange geneem het. Dawid is doodsbenoud vir al sy vyande, maar hy besef juis as sy nood so groot is, des te meer kan en wil en moet hy op God vertrou. Dan kan hy uitroep (vs. 5): "Wat kan 'n blote mens aan my doen?" (Lees in die verband Matt. 10:26-31.)

Om op God te vertrou, is om totale aanvaarding te kry. Dan hoef jy nie meer vir mense te vrees nie. Ja, mense kan jou selfs doodmaak, maar aan jou siel kan hulle niks doen nie, omdat ons aan Jesus Christus behoort.

Jesus Christus is self deur mense agtervolg en gevange geneem. Jesus self het in benoudheid tot sy Vader gebid. Jesus se hele lewe getuig egter van 'n vaste vertrou op God. Biddend het Jesus op aarde gelewe tot aan die kruis. Tot aan die kruis het Hy vertrou en gebid, selfs vir sy vyande gebid (Luk. 23:34): "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!"

Deur die Heilige Gees as ons Trooster word ook ons vrees verdryf. Deur ons verbondenheid met die Gees leer ons ook al meer en meer om op God te vertrou.

Die gevolg van my vaste vertrou is dat ek al meer die dank aan God toebring – dank vir die genade wat Hy aan my betoon; dank dat Hy my ondanks my sonde en oortredinge tog oorlaai met sy genade; dank vir verlossing en die sekere wete dat ek in sy hande veilig is; ja, dank vir die wete dat ek geen mens hoef te vrees nie.

*Sing: Psalm 71:2, 3 (1936-beryming)*

*Ds Gerrit Kruger (Centurion)*